
Werkblad: Voegwoorde – Groep 1 – Graad 9

Punte: [30]

Vraag 1: [5]

- a. Wat gebeur met die woordorde wanneer ons dit verbind met 'n Groep 1-voegwoord? (1)
- b. Wat gebeur met die "nie's" wanneer ek twee sinne met "nóg ... nóg" verbind? (1)
- c. Hoe sal jy aan iemand verduidelik hoe om "sowel ... as" en "óf ... óf" te gebruik as ek twee sinne met mekaar wil verbind? (3)

Vraag 2: [10]

Gee die korrekte Afrikaans vir die volgende Engelse voegwoorde:

- a. and
- b. on the contrary
- c. yet
- d. in fact
- e. but
- f. because
- g. or
- h. as well as
- i. either ... or
- j. neither ... nor

Vraag 3: [10]

Verbind die volgende sinne met die gegewe voegwoord:

- a. Jy moet by die huis bly. Jy moet saam met ons kom. (*of*)
- b. Ek wil graag skool toe gaan. Ek hou baie daarvan om te leer. (*want*)
- c. Ek hou nie van wiskunde nie. Ek hou nie van wetenskap nie. (*nóg ... nóg*)
- d. Ek eet koek. Ek eet tert. (*óf ... óf*)
- e. Die diertjies kry warm. Die voëltjies kry warm. (*sowel ... as*)
- f. Ek drink baie water. Ek bly die heeldag dors. (*dog*)
- g. Te veel suiker is nie goed vir jou nie. Dit is baie sleg vir 'n mens. (*trouens*)
- h. Ek is baie kwaad vir hom. Hy bly my beste vriend. (*maar*)
- i. Hy het my 'n poets gebak. Ek gaan hom verseker terug kry. (*intendeel*)
- j. Ek hou van die meisie. Sy hou van my. (*en*)

Vraag 4: [5]

Kies die korrekte antwoord:

Sin 1

- a. Sy maak goeie vordering want die werk is nie baie moeilik nie.
- b. Sy maak goeie vordering want is die werk nie baie moeilik nie.
- c. Sy maak goeie vordering want die werk nie baie moeilik is nie.

Sin 2

- a. Die man het sowel die boeke en die as koerante weggegooi.
- b. Die man het sowel as die boeke en die koerante weggegooi.
- c. Die man het sowel die boeke as die koerante weggegooi.

Sin 3

- a. Nóg die honde nóg die katte hou nie van melk nie.
- b. Die honde nóg die katte nóg nie van melk hou nie.
- c. Nóg die honde nóg die katte hou van melk.

Sin 4

- a. Ek gaan bietjie plaas toe trouens ek gaan al môre.
- b. Ek gaan bietjie plaas toe trouens gaan ek al môre.
- c. Ek gaan bietjie plaas toe trouens ek al môre gaan.

Sin 5

- a. Ek het van die tema gehou dog was dit nie te vervelig nie.
- b. Ek het van die tema gehou dog dit was nie te vervelig nie.
- c. Ek het van die tema gehou dog nie dit te vervelig was nie.